HOOFSTUK 3

# 3 Studenteradikalisme

## 3.1 Verskillende kategorieë

In teenstelling met studente in ander lande het aktivisme geen lang geskiedenis in Amerika nie. Trouens, 'n indrukwekkende tradisie van radikale studentepolitiek, òf na links òf na regs, is nie aan te wys voor die sestigerjare nie. Hierdie jare egter het 'n oordosis daarvan gehad. Om duidelik te laat verstaan wat onder studente= aktivisme bedoel word, is enkele onderskeidinge noodsaaklik. Ver= skillende navorsers het sodanige onderskeidinge gemaak. Samuel Lubell het vyf soorte radikaliste binne die geledere van die „New Left" onderskei:

* aanmerklike getalle protesteerders teen militêre diens;
* rebelle teen bepaalde beroepe, veral besigheidsberoepe;
* die kinders van vroeëre sosialiste, kommuniste en ander radi= kaliste;
* verdowingsmiddelgebruikende „Beatniks";
* Christelike radikaliste, wat 'n godsdienstige opvoeding gehad het maar wat weggebreek het van die Christelike geloof.[1)]

1) Lubell, Samuel. That "Generation Gap". (In Bell, Daniel and Kristol, Irving, eds., op. cit., p.61.)

Richard E. Peterson het die hele spektrum van studenteradikalisme van uiters regs tot uiters links soos volg onderskei:

* die regse aktiviste wat hulle invloed teen die linkse invloed op die kampus en in die breë verband laat geld. Hulle is die uiters konserwatiewes. Vanaf 1960 is hulle georganiseer in die konserwatiewe studenteorganisasie: „The Young Americans for Freedom" (YAF);
* die protesteerders teen bepaalde strydpunte op die kampus;
* die Hippies wat die gewone studentelewe verwerp en wat op die periferie van die kampus beweeg;
* die georganiseerde „New Left" wat hoofsaaklik in die „Students for Democratic Society" saamgetrek is (SDS).[2)]

'n Derde differensiasie is deur Block, Haan en Smith gemaak. Hulle het twee faktore in aanmerking geneem by die bepaling van die politieke en sosiale reaktiwiteit van die student. Die eerste faktor is die graad van betrokkenheid by politiek-sosiale strydpunte. Die tweede faktor is die graad waarvolgens die tradisionele waardes en die institusionele outoriteit in die samelewing aanvaar of verwerp word. Aan die een uiterste van hierdie spektrum sal dan diegene gevind word wat nie betrokke is by enige strydvrae nie en/of wat

2) Peterson, Richard E. The Student Left in American higher education. (In Altbach, Philip G., op. cit., pp. 313 v.)

bestaande waardes en institusionele outoriteit geredelik aanvaar. Aan die ander uiterste kan die groepe met teenoorgestelde ingesteldheid verwag word. Hiervolgens onderskei hulle ook vier kategorieë, nl.

* politiek-apatiese jeug;

* vervreemde jeug (alienated youth) of Hippies;

* individualistiese jeug. Hulle is wel betrokke by politiek-sosiale strydvrae maar aanvaar die tradisionele Amerikaanse waardes en outoriteitstruktuur. Hulle aktiwiteite is daarop gemik om die status quo te handhaaf, en daarom gaan dit baie keer op in tegnieke van kontraprotes teen linkse organisasies;

* aktivistiese jeug. Hulle vorm die groep wat die vernaamste waardes van die kontemporêre samelewing verwerp en wat hulle self toegewy het aan aksies soos demonstreer, protes=teer en veg teen beleidsrigtings en instellings wat hulle opvat=tings bedreig.[3)]

Al hierdie differensiasies, hoewel hulle in meer as een opsig verskil, het dit in gemeen dat hulle onder die uiters links georiënteerde stu=dente hoofsaaklik twee ideële tipes plaas, nl. die Hippies en die ak=tiviste, of, anders gestel, die kultureel-afsydiges en -vervreemdes en die politiek-betrokkenes, die „Alienated" en die „New Left".

3) Block, Jeanne H., Haan, Norman and Smith, M. Brewster. Activism and apathy in contemporary adolescents. (In Adams, F. James ed. Understanding adolescence. Boston, Allyn and Bacon, 1968, p.208.)

Eersgenoemde is dus die kulturele eweknie van laasgenoemde.[4] Dit is laasgenoemde tipe wat ons in hierdie ondersoek interesseer. En=kele vergelykings met eersgenoemde is egter van pas.

## 3.2 Enkele vergelykings tussen aktiviste en Hippies

Met die eerste oogopslag skyn dit asof hulle nie baie met mekaar in gemeen het nie. Die verskille wat al uit die benaminge geblyk het, is opvallend groot en selfs voor die hand liggend. Maar tog is daar enkele dieperliggende ooreenkomste en selfs eendersheid. Op enke=le van hierdie karakteristieke kan op hierdie stadium kortliks gewys word. In meer as een opsig kan sprake wees van 'n beïnvloeding van die aktiviste deur die ontwortelde Hippies.

4) Gedurende die laaste deel van die sestigerjare het genoemde differensiasie steeds sterker op die voorgrond getree. Meer en meer navorsers het ook hierdie onderskeiding geaksentueer. Kenneth Keniston het reeds in 1967 in 'n artikel in The Journal of Social Issues die verskil tussen die twee vorme van protes aangetoon, nl. politieke radikalisme en kulturele vervreemding. Cf. Keniston, Kenneth. The sources of student dissent, op=geneem in die versamelwerk van dieselfde skrywer: Youth and dissent. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc., 1971, p. 143 v. In die jongste verlede was dit veral Daniel Yankelo=vich wat oortuigend aangetoon het dat die tweërlei kategorieë van studenterevolusie nie meer te versoen is nie en geheel en al ontkoppel is. Cf. Yankelovich, Daniel. The real meaning of the student revolution. The Conference Board Record, March, 1972, p. 8-13. Cf. verder Wallerstein and Starr, op. cit., II, p. 232.

### 3.2.1 Personalisme

Beide groepe is hoogs personalisties in hulle lewenstyl en verhou= dinge. By die Hippies neig die personalisme in die reël na priva= tisme, 'n ontduiking van alle betrokkenheid in pogings om sosiale ver= andering aan te bring. By die aktiviste is personalisme reeds ver= bind met pogings om die wêreld te verander. Beide groepe is ten diepste geïnteresseerd in pogings om intimiteit, vertroue en openheid onder klein groepies van mense te skep. Hulle fulmineer teen alle verhoudinge wat onpersoonlik, geobjektiveerd, geprofessionaliseerd en gemanipuleerd is.

Die kunsmatige, die stereotipe, die onegte, die hipokritiese in enige situasie of verhouding word deur hulle verag. Daarteenoor word die direkte, persoonlike, ek-jy ontmoetinge op prys gestel. Alle waar= des, rolle en organisasies wat 'n persoon-tot-persoonverhouding be= lemmer of ondermyn, word verfoei.

Beide die Hippies en die aktiviste deel die begeerte om intieme, oop en vertroulike verhoudinge tussen klein groepe te bewerkstellig. In sulke groepe gaan dit nooit om 'n mindere of 'n meerdere nie. Be= slissinge word saam geneem in 'n atmosfeer van wedersydse vertroue en respek. By die aktiviste word gepoog om die beginsel van deel= nemende demokrasie te positiveer. En in die groepe wat hulle met sensitiwiteitsopleiding besig hou, word getrag om die intieme kommu= nikasie en omgang op die spesifieke doel van persoonlike ontwikkeling,

groepsidentiteit en portuurkonformisme af te stem.[5)]

3.2.2 Bekwaamheid en herkoms

Dit word soms voorgestel dat die linkse of radikale student intellek= tueel agterlik, akademies 'n mislukking en van minder gegoede ouers afkomstig is. Dit is 'n totaal skewe voorstelling. Verskillende wetenskaplikes het op grond van empiriese studie net die teenoorge= stelde bevind.

Een studie dui aan dat aktiviste beter presteer wat verbale bekwaam= heid betref.[6)] Volgens 'n ander studie het aktiviste hoër gepresteer op 'n verskeidenheid van gestandaardiseerde skale wat belangstelling in intellektuele en estetiese aangeleenthede meet. Richard Flacks het bevind dat die protesteerders teen militêre diens in Chicago 'n gemiddelde werksprestasie bereik van B- tot B+, wat hoër is as die gemiddelde prestasie van nie-protesteerders. Uit ander gegewens van Flacks se ondersoek blyk dit dat wat hulle akademiese presta= sies betref, studenteaktiviste gewoonlik uit die boonste lae van die hoërskoolklasse kom. Flacks kom tot die konklusie dat baie akti= viste akademies superieur is.

5) Keniston, Kenneth. Youth, change and violence. Dialogue, Volume 2, No. 2, 1969. Cf. Roszak, Theodore. The making of a counter culture. New York, Doubleday and Co., 1969, p.50; Keniston, Kenneth. Young radicals. New York, Harcourt Brace Jovanovich, Inc., 1968, p.279-299.

6) Katz, J. The student activists. Washington DC, United States Office of Education, 1967.

Hiernaas het Flacks ook tot die bevinding gekom dat die protesteerders in verhouding tot nie-protesteerders uit die hoër middelklas van die samelewing kom. Hulle familie-inkomste is na verhouding hoër en die geleerdheid van hulle ouers na verhouding meer gevorderd. Hier=by beklee hulle vaders hoofsaaklik hoër professionele beroepe (dokters, dosente, prokureurs eerder as besigheidsmense, kantoorwerkers en arbeiders). Die studenteprotesteerders verteenwoordig dus nie die minderbevoorregte stratum van die studentebevolking nie, maar die meesbevoorregte sektor van die studente. „Thus, in terms of both the status of their families of origins and their own scholastic per=formance, student protest movements are predominantly composed of students who have been born to high social advantage and who are in a position to experience the career and status opportunities of the society without significant limitations."[7] Kenneth Keniston kom tot ongeveer dieselfde konklusie as hy beweer: „Student radicals are an elite group, and not the 'rabble of rejects' they have been termed."[8]

In 1970 het Steven Kelman, 'n vierdejaarstudent van Harvard, 'n

7) Flacks, Richard. The liberated generation, p. 358.
Cf. Flacks, Richard. Who protests: The social bases of the student movement. (In Foster and Long, op. cit., p. 137.)

8) Keniston, Kenneth. Notes on young radicals, Change. Nov.-Dec., 1969, p. 32.
Cf. Lipset, Seymour M. and Altbach, Philip G. Student politics and higher education in the United States. (In Lipset, Seymour Martin ed. Student politics. New York, Basic Books, Inc. Publishers, 1967, p. 219.)

uiters interessante dagboekagtige beskrywing van die studenteprotes= ontwikkeling te Harvard die lig laat sien in sy boek „Push comes to shove, the escalation of student protest". Deurgaans onderskei hy tussen die „radicals and alienated", wat klaarblyklik albei, op enkele uitsonderings na, hoogs begaafde en intelligente groepe studente was.

3.2.3. Geen identifikasie met leiers of ideologieë nie

Ten opsigte van die post-moderne jeug in die algemeen geld dit dat hulle hulleself primêr as 'n deel van die jeuggenerasie beskou eerder as deel van 'n organisasie. Hulle identifiseer hulle dus self eerder met hulle eie ouderdomsgroep as met oueres. Dit gebeur omdat hulle veel minder as in die verlede leiersfigure en helde uit die ver= lede verheerlik. Veel meer is dit nog die geval met die radikale jeug onder die studente. Die studente se politieke aktiwiteit, by= voorbeeld, het vroeër besonder sterk teen persone en organisasies uit die wêreld van die volwassenes aangeleun. So was dit ook in Amerika. Meeste politieke studenteorganisasies is direk geasso= sieer met volwassene-organisasies. Ook die linksgesinde studente= groepe was meestal direk geaffilieer met een of ander politieke party en was grootliks afhanklik van sodanige party ten opsigte van finan= sies en ideologiese leiding. Hierdie toestand van sake het drasties verander. Die „New Left" is totaal afsydig ten opsigte van skake= ling met volwassenes en hulle organisasies. Dit het so ver ge= gaan as openlike verwerping, saamgevat in die kreet wat in die Berkeley-opstand reeds gehoor is, naamlik dat niemand bo dertig

vertrou kan word nie.[9)]

Hierdie allergie vir identifikasie met volwassenes en hulle organisa= sies is nog meer opvallend onder die gefrustreerde, Hippie-agtige student.[10)] Die direkte konsekwensies van die kortsluiting tussen die radikale jeug en die wêreld van volwassenes is dat eersgenoemde ook die ideologieë van 'n bepaalde tyd of persoon of beweging afge= sweer het. Sommige beskryf hierdie trek as anti-dogmatisme. Daar is 'n sterk reaksie teen enige doktrinêre ideologiese interpre= tasie van gebeurtenisse. Baie studente is opstandig as hulle gekon= fronteer word met geformuleerde modelle van die sosiale orde en met spesifieke programme vir sosiale verandering. Dit verklaar meestal hulle antagonisme teen die verskeidenheid van politieke for= muleringe van die „Old Left" en lê waarskynlik ook ten grondslag aan die dikwels gesiteerde uitspraak: „You can't trust anyone over thirty."[11)] Onder die politieke radikaliste is daar 'n sterk oortui= ging dat die ouere ideologieë uitgeput en irrelevant is. Dieselfde oortuiging heers onder die Hippies, ten minste ten opsigte van alles

9) Cf. Lipset, Seymour M. and Altbach, Philip G. Student politics and higher education in the United States, p. 225.
Keniston, Kenneth. Youth, change and violence, <u>Dialogue,</u> Vol. 2, No. 2, 1969.
Block, Haan and Smith, op. cit., p. 200.

10) Cf. Yablonsky, Lewis. The Hippie trip. New York, Pegasus, 1968.

11) McEvoy, James and Miller, Abraham ed. Black power and student rebellion. California, Wadsworth, 1969, p. 359.

wat die ouere generasie in Amerika kan bied. As daar nog 'n terug=grype is na enige vroeëre bronne, dan is dit na die tydlose skemer=religieë van die Ooste.[12] Feit is dat in beide groepe die kardinale idees en sentrale waardes as't ware van tyd tot tyd geskep word deur die Beweging self. In kiem bevat hierdie subkultuur die elemente van progressivisme.

### 3.2.4 Permissiwiteit

Die studentesubkultuur het, tradisioneel beoordeel, altyd na verhouding baie aandag en tyd aan sosiale en sportaktiwiteite bestee. In talle organisasies op die gebied van wetenskap, kultuur, ontspanning en sport het studente hulle oortollige energie en vrye tyd bestee. Vandag, egter, is studente in toenemende mate anti-organisasioneel in opvatting, terwyl daar gesoek word na spontaneïteit, informele verhoudinge en vryheid van allerlei verpligtinge. Een belangrike gevolg hiervan was dat die lewenswyse van groot getalle voorgraadse studente gedirigeer is in die rigting van persoonlike verhoudinge met die teenoorgestelde geslag. Seks het 'n steeds groter rol begin speel. Op sigself was dit nie verkeerd nie, en in talle gevalle be=staan daar gesonde verhoudinge tussen studente van die twee geslag=te. Aan die ander kant is dit net so waar dat die oordrewe aksent wat op seks gelê is, permissiwiteit in die hand gewerk het.

'n Opvallende verskynsel nou is dat radikaliste onder studente die eerste en die ergste daarvan dupe geword het. Dit geld veral vir

12) Keniston, Youth and dissent, p. 290.

die kultureelgefrustreerde student, maar ook vir die politieke aktivis. Tekenend is die uitspraak van Kenneth Keniston: „Post-modern youth is non-ascetic, expressive and sexually free. The sexual openness of the Hippie world has been much discussed and criticized in the mass media. One finds a similar sexual and expressive freedom among many young radicals, although it is less provocatively demon=strative. It is of continuing importance to these young men and women to overcome and move beyond inhibition and puritanism to a greater physical expressiveness, sexual freedom, capacity for intimacy and ability to enjoy life.

„In the era of the Pill, responsible sexual expression becomes increas=ingly possible outside of marriage, at the same time that sexuality becomes less laden with guilt, fear and prohibition. As asceticism disappears, so does promiscuity: the personalism of post-modern youth requires that sexual expression must occur in the context of 'meaningful' human relationships, of intimacy and mutuality. Sex is seen as right and natural between people who are 'good to each other', but sexual exploitation - failure to treat one's partner as a person - is strongly disapproved."[13] Sommige navorsers oor die onderwerp noem hierdie trek by die partisipeerders van die Beweging, romantisisme. Daarmee word bedoel 'n beklemtoning van die vraag na selfekspressie, dikwels geartikuleer deur 'n „vry" lewe te voer. Hulle bedoeling is dat hulle nie gebonde wil wees aan die konvensionele beperkinge ten opsigte van hulle eie gevoelens, ervaringe, kommunikasie

13) Ibid., p. 291.

en lewensuitinge nie. [14]

Elke studentebeweging wat deur radikalisme gekenmerk is, het in die verlede neigings tot nuwe vorme van seksuele gedrag geopenbaar. Mens vind dit in die asketiese unies van vrye liefde in die Russiese studentebeweging, die homoseksuele lojaliteite van die „Burschen=schaft" en in die romantiese liefde van Chinese studente wat teen die familiesisteem gerebelleer het. Dit is 'n bekende feit dat die sosiaal en kultureel vervreemde Hippie, die begrip „liefde" in sekere sin die sentrale motief van sy immanente filosofie gemaak het. Lief=de hou vir hom natuurlik meer in as die verwydering van seksuele beperkinge, maar dit neem nie weg nie dat dit rondom seks tot die uiterste perversiteite gekom het. Dit geld sy taal, sy gedigte, sy literatuur, sy musiek en selfs sy hele lewenswyse saam met ander Hippies in die sogenaamde „commune". Wat sy literatuur betref, kan hier veral na Norman O. Brown verwys word, wat in sy werk „Love's Body" 'n ongeëwenaarde, post-Freudiaanse program vir pan-seksuele liefde gepropageer het. [15]

Wat die politieke aktiviste onder die studente betref, verwys Lewis Feuer in sy boek „The conflict of generations, the character and

14) Flacks, Richard. The liberated generation, p.358.

15) Cf. Brown, Norman O. Love's Body, New York, Random House, 1966;
Hall, Stuart. The Hippies: An American "Moment". (In Nagel, Julian. Student power. London, Merlin Press, 1969, p. 182.)

significance of student movements" op die uitwasse waartoe 'n deel van die Berkeley-studentebeweging gekom het: „Among a segment of activists of the Berkeley student movement, three forms of sexual behaviour appeared which had the significance of a revolt against the elder liberals. Sexual behaviour began to take on an ideological function: one had 'ideological sex'. The elder liberals had long ago evidently won the right for love's choice in premarital intercourse. The new activists felt impelled to go far beyond that to, first, a positive advocacy of interracial sexuality, second, a positive advocacy of promiscuity, taking form in, third, a positive advocacy of 'sheer, undiluted orgy-ism'.

„The pattern of interracial sexuality especially characterized the chap= ter of Berkeley CORE in 1962-1964 during the period of its highest activity in pickets and sit-ins. Two of its officers at that time remarked that a sociogram of the group would show that almost all of its members were involved at that time in interracial sexual liaisons. Sexuality tended to become an avenue for the expression of guilt feel= ings. At discussions in cafeterias and in their apartments, white middle-class undergraduate girls heard of their participatory guilt in fostering American racial inequality. Interracial sexual relations became a form of atonement for this participatory guilt. The trend toward orgy-ism on the fringes of the New Left was exuberantly nar= rated in its press. Certainly it went far beyond Bertrand Russell's Marriage and Morals of a previous generation. The chief Leftist, student-directed newspaper in Berkeley described it enthusiastically: It seems, in fact, that Berkeley is fast becoming the great experiment= al 'freedom lab' for the whole country and the world! In Berkeley,

amidst all the other forms of rebellion afoot, there is very much a sexual rebellion in the making also. The rebellion here spoken of is not mere 'shaking' .... What is here referred to as betokening a greater rebellion in Berkeley is the incidental rise of sheer, un= diluted orgy-ism. Consistent with our point here, this would seem good and desirable, the first positive step in unrepressing our re= pressions. Indeed, Freud's description of 'repressed' sexual desires is certainly a description of orgiastic impulses. The mood that is arising in Berkeley seems to state implicitly that there is nothing wrong with orgies if entered into uncoerced and for mutual pleasure .... Evidences that such an orgiastic rebellion is taking place in Berkeley can be glimpsed in such things as anonymous ads appearing with increasing frequency on Student-Union bulletin boards, in the Barb, and elsewhere. The content of all these ads all but unabashedly advertised for other couples interested in 'sexual-com= munal' living, 'coterie' living, 'get-togethers' and other less sen= sational, but unmistakable, wordings."[16)]

Die houding van studente ten opsigte van seksualiteit het steeds ge= waagder, openhartiger en gevaarliker geword. Die nuwe moraal het nie maar die prerogatief gebly van diegene wat in die voorste linies van die politieke of kulturele revolusionêre opmars beweeg het nie. Dit het op die kampusse die lewensuitkyk van talle studente geword.

16) Feuer, op. cit., pp. 420, 421.
Cf. Thorne, Richard. A step toward sexual freedom in Berkeley. Berkeley Barb. February 4, 1965.

Aan die begin van 1972 was die bevinding van Daniel Yankelovich na indringende navorsing, die volgende: „A majority of students seek still more acceptance of sexual freedom. Only one in four now regards casual premarital sex relations as morally wrong, condemns relations between consenting homosexuals, or rejects abortion. What's more, more than four in ten do not condemn extramarital sex re= lations or interchanging partners among couples."[17)]

## 3.2.5 Groeiende polarisasie

Hoewel daar treffende trekke van ooreenkoms en selfs raakpunte tus= sen die twee kategorieë van links-georiënteerde studente aangewys kan word, is die kontraste veel meer opvallend. Die twee groepe wat ons vroeër reeds onderskei het as die kultureel-vervreemde en die politiek-betrokke studente, het verder en verder uitmekaar be= weeg. Elke kategorie is steeds sterker deur 'n eie lewenstyl, eie waardesisteem en eie optrede gekenmerk.

Mens sou die inherente dinamiek en die ontwikkeling van die hele kontrakultuur nie reg kon verstaan nie, as mens nie die groeiende spanning tussen en die toenemende polarisering van die twee katego= rieë raaksien nie: Woodstock versus Weatherman, dwelmmiddels versus demonstrasies, privatisering versus konfrontasie.

In 1967 het Kenneth Keniston reeds die kontras tussen die twee tipes

17) Yankelovich, op. cit., p. 9.

van studente onderstreep: „These students are most responsive to 'romantic' dehumanizing effects, its lack of aesthetic quality, and its failure to provide 'spiritual' fulfillment to its members. And they are relatively impervious to appeals to social, economic, or political justice. On the other hand, I have discussed activists who are politically involved, humanitarian, and universalistic in values."[18)]

Keniston het selfs toe al voorspel dat die spanning tussen die roman=ties-vervreemde tipe en die universalisties-aktivistiese tipe waarskyn=lik sal vergroot. Hy het selfs 'n groeiende polarisasie geantisipeer. Dié studente wat by wyse van hoogs persoonlike en eksperimentele vlugte hulleself tot dwelmmiddels, seks, kuns en intimiteit wend aan die een kant en dié studente wat poog om die Amerikaanse samele=wing drasties te verander aan die ander kant, so het hy gemeen, sal steeds verder uitmekaar beweeg. Waar die aktiviste tot 1967 toe=nemende invloed verkry het en al sterker by georganiseerde politieke proteste betrokke was, mag hulle invloed vanweë velerlei faktore later taan.[19)]

Dat Keniston se antisipasie korrek is, kan tans sonder vrees vir teëspraak gekonstateer word. Daar het vanaf 1970 ongetwyfeld 'n opvallende verskuiwing van aksent plaasgevind. Die politieke revo=lusie het ten opsigte van intensiteit, georganiseerdheid, doelgerigtheid

18) Keniston, Kenneth. The sources of student dissent, Journal Social Issues, XXIII, July, 1967, pp. 110-116.

19) Ibid., p. 116.

en omvang afgeneem terwyl die kulturele revolusie onder die jeug in die algemeen, asook onder die studente, meer geartikuleerd en gede= finieerd as ooit tevore geword het. Dit het langs die weg van 'n groeiende ontkoppeling van politieke en kulturele waardes plaasgevind. Kulturele houdinge teenoor sake soos outoriteit, werk, huwelik, sek= suele moraliteit, godsdiens en geld het steeds sterker aksent ontvang terwyl politieke interesse in die negatiewe sin van die begrip afge= neem het. Studente is met ander woorde minder krities teenoor die groot instellinge. 'n Onlangse meningsopname het byvoorbeeld aan die lig gebring dat nege uit elke tien studente in die 1972 se pre= sidentsverkiesing sal stem.[20)]

Vir 'n lang tyd was die politieke aksente die oorheersende maar die politisering van die kampusse in die V.S.A. is besig om af te neem. Die kulturele revolusie het in momentum, in omvang en intensiteit toegeneem. Op die huidige dag lê die oorwig by die kulturele om= dat vir talle studente die politiek-georiënteerde aktiviste nog te veel met die apparaat van die „Establishment" opereer.[21)]

## 3.3 Die Hippie-beweging

### 3.3.1 Ontstaan

Naas die ooreenkomste wat daar bestaan tussen die Hippies en die

20) Yankelovich, op. cit., p. 8.

21) Ibid., pp. 8, 12.

aktiviste, is daar dus ooglopende verskille wat steeds sterker aan die lig gekom het. Daar kan gespreek word van 'n Hippie-subkultuur of van 'n Hippie-beweging. Miskien beantwoord dit die beste aan die kenmerke van 'n sosiale beweging as 'n mens 'n beweging kan beskryf as 'n sosiale, kollektiewe optrede met 'n mate van kontinuï= teit van 'n sekere groep mense wat in die samelewing waarvan hulle 'n deel vorm, verandering wil teweegbring.

Die Hippie-beweging het spontaan sy verskyning in die Amerikaanse samelewing gemaak, sonder 'n vooropgestelde program van aksie en sonder 'n vooraf verkose leier. Dit het eerder tot stand gekom as gevolg van frustrasie wat daar by 'n aantal jeugdiges gelyktydig be= staan het en as gevolg daarvan, die soeke na iets anders.

Hoewel verreweg die meeste lede vandag nie studente is nie, moet die oorsprong van die beweging in studentegeledere gesoek word.[22) ] Lewis Yablonsky, professor in sosiologie in Californië, wat 'n in= dringende studie van die Hippies gemaak het, meen dat, as daar 'n erkende leier en stigter van die beweging genoem moet word, dit waarskynlik Tim Leary is. In die begin van die sestigerjare het hy 'n kerngroep van eksperimenteerders, waaronder ook studente, by 'n program betrek waarin hy op wetenskaplike sosiaal-psigologie= se wyse met psigedeliese verdowingsmiddels te Harvard-universiteit geëksperimenteer het. Hierdie groep van psigedeliese pioniers het later twee organisasies ontwikkel waarvan nie een gefloreer het nie.

22) Searle, John. The campus war. New York, The World Publishing Company, 1971, p. 47.

Een was bekend as IFIF, „Institute for the investigation of Inner Freedom" en die ander LSD, „League for Spiritual Discovery".

Aanvanklik het Leary en LSD geamalgameer met die vroeëre „Beatnik"-groep wat vrywillige volgelinge van die digter Allen Ginsberg ingesluit het. Die beweging het ondersteuning van groot getalle jeugdiges on= dervind en in 1967 'n hoogtepunt bereik.

Tim Leary het soos 'n ware evangelis dwarsoor die land op kampusse en siviele ouditoriums aanhangers vir die beweging gewerf deur 'n spesifieke beleid aan die hand van die Hippie-credo te verkondig.

Die woord „Hippie" wat eerste deur ondersteuners van dié gedagte ge= bruik is en later deur die massamedia ingeburger is, is tekenend. Semanties kom die begrip van die woord „hip". „It roughly means emotionally and spiritually wise or ingroup and has a clever, light and airy semantical connotation. It seems apt for a movement with a gay love-in, colorful, fun, not totally serious ethic."[23)]

## 3.3.2 Verskille met aktiviste

Een van die belangrikste verskille tussen die „New Left" en die Hippie-beweging is dat die getalle van eersgenoemde in die duisende beloop terwyl die van laasgenoemde minstens honderde duisende is. Die aktiviste is hoofsaaklik politiek-georiënteer en spits hulle toe op

23) Yablonsky, op. cit., pp. 289, 290.

radikale revolusionêre aktiwiteite. Daarteenoor is die Hippie-beweging op 'n kulturele revolusie ingestel, maar hoegenaamd nie deur aktiewe optrede nie. Dit is meer 'n passiewe pessimisme. Hulle is meer begaan oor die vermeerdering en intensivering van subjektiewe ervaringe as oor daadwerklike protes.

Nog 'n belangrike verskil raak die houding teenoor die ouers en die ouerhuis. Die aktivis, soos ons later sal sien, word gekenmerk deur identifikasie van die eie norme en waardes met dié van die ouers. Die Hippie wat as 'n ontwortelde persoon beskou kan word, het 'n afsonderlike stel opvattinge teenstrydig met dié van die ouers. Dit kom dus neer op diskontinuïteit tussen kinders en ouers en van die ouers se kant, meer as eens, afkeuring en bemoeiliking van kommunikasie.[24)]

Die diskontinuïteit van hierdie jong mense met die ouer geslag gaan verder as net die verwerping van die outoriteit en opvattings van die eie ouers. Hulle kom ook in verset teen die status quo van die gemeenskap. Hulle verwerp trouens die tradisionele waardes in die samelewing en dit strek oor die volle lengte en breedte van die gangbare kultuur. Dit raak die mees fundamentele instellinge en aangeleenthede soos die kerk en godsdiens, die gesinslewe en sedes, die politieke struktuur en institusionele outoriteit. Hier vind ons egter

24) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 223;
Keniston, Kenneth. Notes on young radicals, Change.
Nov.-Dec., 1969, p. 28;
Kern, op. cit., pp. 76, 77.

geen aggressiewe, opstandige en aktivistiese optrede nie. Hier is dit 'n geval van nie-betrokke wees, verwerping deur ignorering, mis=noeë deur onttrekking.

Block, Haan en Smith beskryf dit soos volg: „These young people do not accept the prevailing leitmotifs of the culture. They reject its values, refuse its roles, and elect to escape from the culture by 'opting out'. This is the 'beat' or 'hippie' position, well des=cribed by a Berkeley student in the campus newspaper: 'If you radicals see the disgusting nature of present society and see how unlikely it is that anything you do will change it, why waste your time trying? We agree with you that no sensitive human being wants to be part of that society, but why worry about changing it at all? All that will happen is that you yourselves will waste your youth in an impossible struggle that may well leave ugly blemishes on your soul. Give up the struggle, try to love as much as possible, take a few trips and forget about it all.' (Lerner, 1966)."[25)]

Die ontworteling en vervreemding wat eie is aan hierdie jeug, is dus veel groter in omvang en in intensiteit as wat 'n mens by die aktiviste vind. So ook is die verwerping van die bestaande orde van sake verskillend van dit wat ons vind by die aktivistejeug. In die reël is die Hippie so ingestel dat hy weier om hom te kompro=

25) Block, Haan and Smith, op. cit., p. 209.
Cf. Searle, op. cit., p. 48; Keniston, Kenneth. Youth and dissent, p. 148.

mitteer ten opsigte van die toekoms en ten opsigte van langtermyn=doelstellings of voornemens. Suksesoriëntasie en beroepsgerigtheid ontbreek feitlik geheel en al omdat daar 'n inherente pessimisme ten opsigte van die toekoms bestaan, en 'n ontstentenis aan enige motive=ring.[26)] Die Hippie verwerp verder bestaande Christelike deugde soos verantwoordelikheid, selfverloëning, orde en selfkontrole terwyl hy uitdrukking wil gee aan 'n stel waardes wat in die werkswinkels van die liberalisme en die eksistensialisme gefabriseer is, soos open=heid, spontaneïteit, onmiddellike ervaring en ongebondenheid. Die vanselfsprekende optrede van volwassenes wat inhou dat verantwoor=delikhede aanvaar moet word en dat samewerking onvermydelik is, word ook deur hulle verwerp. Vandaar dat hulle afkerig is om in te pas in die bestaande orde van die gesin, die familie, die opvoed=kundige instelling en die ander samelewingsvorme. Onder hierdie tipe studente word vanselfsprekend ook die meeste „drop-outs" ge=vind.

Dit blyk dus dat die Hippies en die aktiviste daarin ooreenstem dat beide die status quo van die burokratiese en geïndustrialiseerde sa=melewing verwerp maar omdat daar soveel verskil ten opsigte van die lewensingesteldheid is, vind daar in die reël nie veel samewer=king plaas nie. Wat die politieke bedrywighede van die aktiviste betref, is daar sterk pogings aangewend om die Hippie-beweging

26) Kelman, Steven. Push comes to shove. Boston, Houghton Mifflin Co., 1970, p. 86.
Lewis Feuer spreek van 'n nihilisering van alle waardes deur hierdie „new society".
Cf. Feuer, op. cit., p. 480.

daarby te betrek. Die aktiviste het ook daarin geslaag om in enkele gevalle die ondersteuning van groot getalle Hippies in openbare de= monstrasies te verkry, veral gedurende die jare 1967 en 1968. Eni= ge vaste ooreenkoms tussen die twee kategorieë kon daar egter nog nooit bereik word nie. Die aktivisteleiers beskou die Hippies on= getwyfeld as 'n groot ongebruikte bron van vervreemde mannekrag, maar hulle kon nog nie daarin slaag om by die Hippies genoegsame politieke interesse te wek wat blywende samewerking kon bewerkstel= lig nie.[27] Die apolitiese houding van die Hippies het hier die deur= slag gegee.

### 3.3.3 Kontrakultuur

In die Hippie-kultuur het ons ongetwyfeld met een van die duidelikste voorbeelde van 'n kontrakultuur of opposisiekultuur te doen. In= dien die moderne, twintigste-eeuse kultuur in alle opsigte as 'n krea= tiewe en produktiewe kultuur beskou kan word, (of dit ten goede of ten kwade is, daar gelaat), dan word die Hippie-kultuur gekwalifiseer as suiwer kontrakultuur, deur te wys op die onkreatiewe karakter daarvan. Die terugtrekking uit die samelewing met al sy bedrywig= hede en die verval in 'n idilliese lewe van non-aktiwiteit, verdowings= middels en seks kan in geen ander rigting stuur as nihilisme nie. Lewis Feuer skryf soos volg: „Every student movement evokes moral nihilism; the hippies, in a prosperous society, carried to a last conclusion the nihilization of all the values which bourgeois

27) Searle, op. cit., p.48.

society had labored to achieve - honesty, self-reliance, self-respect, work, cleanliness. Moreover, in accordance with the example of the Berkeley Student Movement, it was proposed to attain the New Non-Society by direct action, simply by living it, without the bother and distortion of an intervening political movement."[28)]

Stuart Hall wat 'n indringende studie van die Hippie-beweging gemaak het, gee ook besondere aandag aan hierdie aspek van kontraoptrede deur die beweging: „They have made a most sustained effort to define - by living out - a set of counter-values to those of straight society. Despite their apparently-patternless electicism, the latent value-system of Hippie society can be seen as a direct dialectical contra-posing of alternative values to the sacred values of the middle class. One can make the consistency of this value-confrontation clear simply by listing a set of oppositions:

| 'Straight' | Hippie |
|---|---|
| affluent | poor |
| advantaged | disadvantaged |
| white | Indian |
| urban-industrial | pastoral or urban-arcadian |
| sophisticated | simple |
| knowing | naïve |
| adult | childhood |

28) Feuer, op. cit., p. 480.
Cf. Yablonsky, op. cit., pp. 291, 292.
Hall, op. cit., p. 195.

| | |
|---|---|
| male/female | youth |
| masculine | feminine |
| genital | 'polymorphous perverse' |
| work | play |
| pain | pleasure |
| postponement of gratifications | immediacy, the existential 'now' |
| anxious | relaxed |
| linear logic | metaphorical or analogical logic |
| word | image |
| power | love |
| individual | communal |
| force | flower |
| orderly | spontaneous |
| planned | unorganised |
| routine | anarchic |
| instrumental | expressive |
| clean | scruffy |
| society | self |
| body | mind |
| reason | empathy |
| objective | personal" 29) |

Die konfrontasie tussen die Hippie-beweging en die huidige samelewing is dus wel deeglik 'n revolusionêre konfrontasie, maar dit is anders

29) Hall, op. cit., p.182.

as by die studenteaktiviste wat 'n frontaanval op die samelewing maak. Dit is ook anders as wat gevind word by die „Black Panthers" wat op militante wyse met stormtroepe hulle oogmerke wil bereik. Die Hip=pies is besig om die samelewing van binne af uit te hol deur die legi=timiteit van die bestaande orde deur middel van lewenstyl te bevraag=teken en om die sosiale etiese kodes wat die sement van elke maat=skappy is, te negeer en te vervang met hulle kontraetiek.

Met hierdie metode wat 'n verbasende kragpotensiaal bevat, is hulle besig om te knaag aan die volksbewussyn en veroorsaak hulle per slot van rekening 'n kulturele revolusie.

Ten opsigte van die studente is die aktualiteit van die Hippie-kultuur ongetwyfeld nie soseer geleë in die getalle studente wat aktief daar=aan meedoen nie, want studente maak maar 'n klein persentasie daar=van uit. Maar dit moet op ander vlakke gesoek word, waarvan twee belangrik is. In die eerste plek voorsien die Hippie-kultuur aan die student 'n kulturele alternatief vir die bestaande en geykte lewens=patroon. 'n Student kan uit die universiteit wegbreek en in die Hippie-kultuur inskakel, of hy kan selfs periodiek gedurende naweke of vakansies by „pot" partytjies aansluiting vind. Hierdie kulturele alternatief staan in direkte opposisie tot die offisiële kulturele pa=troon en kan dus nie as maar nog 'n vermaaklikheids- of afleidings=moontlikheid vir die student beskou word nie.[30)]

30) Searle, op. cit., p. 49.

In die tweede plek moet gewys word op die subtiele maar ongetwyfeld suksesvolle deurwerking van die kulturele revolusie in die geledere van studente in die algemeen. Namate die politisering van die kam=pus afgeneem en die mislukking van die politieke revolusie duideli=ker aan die lig getree het, na dié mate het studente hulle talle open=baringe van die kulturele revolusie laat welgeval en selfs aktief daar=aan meegedoen.

### 3.3.4 Verdere karakterisering

Aangesien die Hippie-beweging geen beplande organisasie is wat sta=tute en reglemente besit nie maar eerder 'n spontane en min of meer ongeorganiseerde beweging, is dit moeilik om met 'n sistema=ties uitgewerkte karakterisering vorendag te kom. Die volgende trekke kan, egter, as kenmerkend beskou word.

#### 3.3.4.1 Buitengewone vertroue in die nuwe orde

Die Hippies het, veral wanneer hulle onder die invloed van verdo=wingsmiddels verkeer, 'n onwrikbare vertroue in die legitimiteit en die egtheid van hulle nuwe lewenstyl. In sekere opsigte vertoon hulle die kenmerke van 'n religieuse beweging. Hulle geloof is dan dat hulle uit 'n dekadente samelewing ontvlug en dat hulle hulle nuwe gemeenskap op die oortuiging van 'n andersoortige religieuse en gees=telike vryheid bou. Diegene wat tot hierdie godsdienstige groep „bekeer" word, moet in hulle terminologie „turn on" en „draw out"; as bekeerdes leef hulle 'n eiesoortige lewe waar eiesoortige rituele

gevolg word asook 'n eie weg om die nirwana te bereik of 'n identi= teit met die godheid; hulle het hulle eie heldegalery van heiliges waaronder die name van Boeddha, Ghandi, Jesus en Karma voorkom; hulle het, volgens sommige, hulle eie messias, naamlik LSD. Yablon= sky betoog dat daar 'n blinde vertroue, 'n komplete geloof en aanbid= ding is van die chemiese middel wat in staat is om hulle om te ska= kel tot liefde, aandoening en die eenheid van die mens met die uni= versum. Sommige Hippies maak daarop aanspraak dat hulle onder die invloed van LSD byna in staat is om op water te kan loop en om wonderbare emosionele en fisiese genesing te bekom.[31)]

Wat die godsdienstige vertroue by die Hippies betref, kan daar ook nog genoem word dat daar by hulle 'n apokaliptiese verwagting be= staan wanneer naamlik die hele Amerika dieselfde kulturele revolusie sal ondergaan en wanneer die groot kollektiewe en finale „drop out" sal plaasvind.

### 3.3.4.2 Liefde

Die Hippie-beweging is 'n ernstige poging om 'n intieme toestand van liefde te skep, wat vir die deelnemers daaraan 'n veel omvattende betekenis het. Dit hou vir die Hippie meer in as net seks of seksu= ele permissiwiteit. In die eerste plek is dit wel vir hulle die vry= wording van die repressiewe taboes van die lewe van die middelklas vir sover dit die seksuele ervaringe betref. In die tweede plek

31) Yablonsky, op. cit., pp. 291, 292.

beteken liefde vir hulle die fisiese en geestelike gemeenskap tussen mense. In die derde plek staan die begrip vir 'n inklusiewe en ontvanklike tederheid jeens andere, 'n soort van heilige respek vir persoonlike verhoudinge. In die vierde plek is daar vir hulle die allesomvattende liefde vir die mensheid, naïef en kwesbaar in sy klaarblyklike eenvoud, maar tog, volgens Hippie-filosofie, 'n groot en stille mag.[32)]

Die pasgestelde uiteensetting van wat liefde in die Hippie-wêreld be= teken, is waarskynlik teoreties korrek maar dit strook nie altyd met die werklikheid nie. Yablonsky toon aan dat liefde in die Hippie-wêreld in die praktyk neig tot egosentriese optrede. Dit mag wees dat die Hippie onder die invloed van verdowingsmiddels gelaai is met intense gevoelens van liefde maar in die praktyk kom daar weinig van tereg vir sover dit die uiting van liefde vir die ander betref. Daar word dus weinig gedoen om die liefde te verwesentlik. Soms kan 'n Hippie onverwags sy rug draai op kinders, vriende en „vrou= ens" met wie hy liefdesassosiasies gehad het, ter wille van 'n nuwe romanse of „trip". Dit skyn soms asof die gevoel van liefde wat so sterk op die voorgrond staan, by die Hippie die konkrete daad uitsluit. Die gevoel van liefde is dan genoeg. Hiervolgens skyn dit asof die begrip „liefde" in hierdie beweging tog 'n hedonistiese en selfsugtige liefde kan beteken.[33)]

32) Hall, op. cit., p. 181.

33) Yablonsky, op. cit., pp. 309, 310.

3.3.4.3 Seks

Anders as in die geval van die gebruik van verdowingsmiddels word seks nie met religieuse motiewe beoefen nie. Dit is 'n deel van hulle bestaan. Aangesien dit meestal gepaard gaan met gebruik van verdowingsmiddels, is die grense van die ego feitlik totaal af= gebreek. Verder is die gangbare opvattings van die middelklas Amerikaanse samelewing in verband met die seksuele lewe ook to= taal afgebreek. As gevolg hiervan is seks vir die Hippie 'n oop saak - natuurlik alleen as hy deel is van die wêreld van „liefde". Dit vind plaas tussen persone wat op mekaar ingeskakel is (tuned in). Dit is dus vrye liefde maar alleen vir diegene wat tot die gemeenskap van Hippies behoort. Feit is dat baie „untuned-in" matrose, studente en andere wat hulle tot die Hippie-gemeenskap wend met die oog op seks, totaal afgewys word.[34)]

3.3.4.4 Verdowingsmiddels

In die Hippie-wêreld is LSD altyd teenwoordig en dit word gebruik as 'n stimulant tot 'n nuwe wêreld van kosmiese broederskap of as

34) Ibid., p. 23. Cf. Feuer, op. cit., pp. 480, 481.

„an acid that scrambles the brain and one's chromosomes". 35) Yablonsky beweer dat dit die gedrag van al die Hippies van wie hy persoonlik kennis dra, deurtrek. Die groot meerderheid van die duisende wat hy ontmoet het, het LSD gebruik as hulle persoonlike sleutel tot 'n kosmiese bewussyn. Sommige meen dat LSD hulle 'n beter perspektief op die werklikheid gee en ander gebruik dit net vir die plesier (kick).

Marijuana is die basiese stapelvoedsel van die Hippie-wêreld. „Grass" soos dit gewoonlik genoem word, is 'n algemene hulpmiddel „to become high". Dit word nie in afsondering gerook nie maar in 'n sirkel. Met 'n gees van vriendelike liefde word die marijuana= pyp van een mond na die ander op tradisionele Indiaanse styl aange= gee.

35) Ibid., p. 22. Cf. Keniston, Kenneth. Youth and dissent, p. 149: „The alienated are especially attracted to the hallucin= ogenic drugs like marijuana, mescaline, and LSD, precisely because these agents combine withdrawal from ordinary social life with the promise of greatly intensified subjectivity and perception. To the confirmed 'acid head' what matters is intense, drug-assisted perception; the rest - including politics, social action, and student demonstrations - is usual= ly seen as 'role-playing'." Cf. Kelman, op. cit., pp. 92, 93. Hy konstateer dat die dwelmmiddelverslaafde hippie-agtige stu= dent elke nag marijuana rook en by die ontstentenis daaraan selfs sy toevlug tot piesangskille neem. Cf. Hall, op. cit., pp. 186, 187; Feuer, op. cit., p. 481.

LSD en marijuana word deur baie Hippies as die sakramente van hulle godsdiens beskou. Waar die alledaagse middelklas lewenswyse in die oog van die Hippie die mens beperk tot 'n enge, onegte spek= trum van gevoelens en persepsie, daar open die verdowingmiddels aan die gebruiker daarvan 'n hele wêreld van ervaring - die wêreld van drome, fantasieë, hallusinasie, geestesverheffing, visie en gek= heid. Benewens hierdie ervaringe beweer die Hippie dat hy deur hierdie middels kontak kry met die natuur, kleur, klank en selfs met „inner space", wat alleen moontlik was vir hulle wat met behulp van langdurige meditasie, eie aan die mistieke religieë van die Ooste, dit kon verkry.[36)]

3.3.4.5 Kummunalisme

Die begrip kommunalisme moet nie verwar word met die begrip kom- munisme nie. Hiermee word bedoel die kommunale lewe van die Hippies wat sonder groot organisasie en met min reëls en regulasies geskep en onderhou word. Dit is 'n reaksie teen die individualisme en kompetisiegees wat die Amerikaanse lewe kenmerk. Hierdie op= nuut ontdekte kommunalisme herinner aan 'n soort stamlewe en, wat die Amerikaanse Hippie betref, die Indiaanse stamlewe. „The goal, therefore, is a more cohesive, emotionally closer, fundamental human unit living in a more natural state."[37)] Die verskeie Hippie-

36) Hall, op. cit., p.187.

37) Yablonsky, op. cit., p.301.
Hall spreek van hierdie tipiese karaktertrek by die Hippies as „togetherness". Cf. Hall, op. cit., p.180.

gemeenskappe het 'n uitgebreide en effektiewe wyse van kommunika= sie by wyse van 'n verskeidenheid van ondergrondse koerantjies en tydskrifte. Hierdeur word daar nog 'n groter gevoel van gemeen= skaplikheid en saamhorigheid ondervind.

In die Hippie-gemeenskap word die gewone patroon van werk (9 vm. tot 5 nm.) wat die „Establishment" voorstaan, as skadelik beskou. Tog is daar pogings om allerlei kunsartikels te vervaardig soos juwele, leersandale, krale en verskillende soorte klere. Musiek speel ook 'n groot rol. Tot werklike kreatiewe en konstruktiewe werk kom hierdie gemeenskap egter nie. Ondanks die feit dat so= veel klem op liefde en vrede gelê word, kom daar in die Hippie-gemeenskap dikwels tonele van ernstige geweld voor. Talle geval= le van moord en selfs selfmoord is ook bekend. As gevolg van die filosofie van „let people do their own thing" wat eie is aan die Hippies, gaan geweld soms baie ver voordat ander lede van die ge= meenskap ingryp.[38)]

Bowendien bly dit 'n oop vraag of die Hippie-„commune" die egte gemeenskap bied wat dit voorgee om te doen. Die basiese uitgangs= punt van enige groepsoptrede of gemeenskapstruktuur is dat 'n mens iets van jouself prysgee aan die groep - jou tyd, jou aandag, jou besittings miskien. In elk geval vereis dit selfverloëning. In ruil ontvang 'n mens dan, gevraagd of ongevraagd, beskerming of se= kuriteit of ander vrugte van die gemeenskaplike optrede. Waarne= mers meen egter dat daar by die Hippie-gemeenskap juis 'n onvermoë

38) Yablonsky, op. cit., pp. 305, 306.

of onwilligheid bestaan om enige persoonlike outonomie aan die groep op te offer. „The result is not a group - but a near-group - of egocentric selfish individuals participating minimally in the collective condition. This is one of the main problems and reasons for the failure of the glorified and idealized Hippie tribes, 'families', and communes."[39)]

Kenmerkend van die Hippie-gemeenskap en van die Hippies in die al=gemeen is die opsigtelike identifikasie met minderbevoorregte volks=groepe. Feuer noem dit 'n „back to the people"-motief, iets wat hy in baie studentebewegings teëgekom het. Die Hippie probeer die teenoorgestelde figuur slaan as die van 'n gesofistikeerde en welaf burger. Hy vertoon dus arm, sy kleredrag is slordig en vuil, sy hare is lank en onnet, sy hele uiterlike rebelleer teen die welaf samelewing.[40)]

Dit kom daarop neer dat die boodskap in die masker geleë is. Aan die ander kant dien die masker ook baiekeer om die ware identiteit te verberg. As dit aan die een kant 'n poging is om, in konformi=teit met 'n hele kontrakultuur, waaghalsig en selfs uitdagend te ver=toon, kan dit aan die ander kant ook met die negering van die tipie-se ontwikkelingsnoodsaaklikhede van die adolessensie gepaard gaan, naamlik 'n identiteit met 'n mate van prestasie en die bewuswording

39) Ibid., p. 302.

40) Feuer, op. cit., p. 97.

van 'n groeiende verantwoordelikheid.[41]

### 3.3.4.6 Nuwe naturalisme

'n Laaste kenmerk van die Hippies wat vermelding verdien omdat dit steeds sterker na vore tree, is wat genoem kan word „nuwe naturalis= me''. Die kern van hierdie denkpatroon en lewenswyse is te vinde in 'n totaal nuwe opvatting oor die verhouding van die mens tot die na= tuur en die natuurlike. Die natuur en natuurlike word naamlik ver= hef tot die hoogste posisie in die rangorde van menslike waardes. Wat sogenaamd „natuurlik'' is, word as deugdelik beskou; wat kuns= matig is, is verwerplik.

Daniel Yankelovich wat hierdie aspek van die kulturele revolusie on= der die studente besonderlik in die navorsingsvisier gehad het, het byna twintig relevante vergestaltinge van hierdie nuwe naturalisme onderskei.[42] Enkele van die mees kenmerkende trekke wat Yankelo= vich redelik onsamehangend gelys het, kan soos volg gesistematiseer word: Die eerste aantal sake geld 'n mens se kennis en ervarings= wêreld. Dit hou in: 'n beklemtoning van sintuiglike ervaring eerder as denkbeeldige kennis; 'n ontdekking van kennis deur direkte ervaring,

41) Erikson, Erik H. Reflections on the dissent of contemporary youth. (In Graubard, Stephen R. and Balotti, Geno A. The embattled university. New York, George Braziller, 1970, p.173.)

42) Yankelovich, op. cit., p.10.

deelname en betrokkenheid; 'n uiting van ervaring op 'n nie-verbale wyse soos deur swye, uiterlike tekens, simboliese handelinge, ens. en 'n vermyding van die letterlike as kunsmatig en onnatuurlik; be=klemtoning van selfkennis, introspeksie en die ontdekking van die so=genaamde natuurlike self; verwerping van sedes en reëls, soos kon=vensionele seksuele moraliteit wat 'n natuurlike lewenswyse in die weg staan.

Die tweede aantal sake het met die natuur self te doen. Dit hou fisies in: 'n verkeer digby die natuur, liefs in die oop veld en in die buitelug; dit beklemtoon die harmonie met die natuur en 'n verwer=ping van die beheersing van die natuur; dit beklemtoon bewaring van die natuurlike omgewing ten koste van ekonomiese groei en teg=nologiese ontwikkeling; dit veronderstel 'n natuurlike voorkoms en 'n verwerping van alle opsmuk, geykte modes wat kleredrag en haar=styl betref.

Die derde groep van uitinge het betrekking op die vorige kenmerk wat onder bespreking was, naamlik die kommunulisme en dit geld die houding teenoor die naaste. Dit impliseer: die beklemtoning van die gemeenskap eerder as die individu; die verkeer in groepe (communes) eerder as individueel of in sogenaamde „kunsmatige" eenhede soos die familie; die beklemtoning van koöperasie eerder as kompetisie, spontane optrede eerder as organisasie; die verwer=ping van amptelike norme van gesag wat beskou word as kunsmatig terwyl geredeneer word dat gesag nie outomaties voortspruit uit 'n bepaalde posisie of titel nie maar dat dit deur die afdwing van respek verwerf moet word.